## Die aanbidding van Jesus as God en verering as afgod in die die NG Kerk in die doop.

1. Hoe Jesus in die NG Kerk gelyktydig as God aanbid word en as afgod vereer word, wys duidelik in die wyse waarop die doop en waterseremonies in die NG Kerk bedien word. Die doop volgens die Skrif is ŉ teken van ons inlywing in Christus in. Hierdie inlywing in Christus beteken dat die Heilige Gees ons insluit en laat deel in wie Jesus vandag as mens in die hemel vir ons is. Christus is vandag steeds mens van vleis en bloed, liggaam en siel, mens in die hemel. In ons vereniging met Hom in sy menswees deel Hy ons sonde met ons sodat Hy daaroor dit as sy eie sonde voor kon ly onder Pontius Pilatus, gekruisig voor kon word, voor kon sterf en begrawe word en ter helle voor kon neerdaal.

2. Daarom kan Paulus in Romeine 6 stel dat ons in Christus se doop gedoop is, begrawe is en gesterf het. (Rom. 6: 1 -1 10) In ons vereniging met Hom as mens in die hemel, deel Hy in ons sonde en het Hy dit in sy heilsdade weggeneem. In ons vereniging met Christus as mens in die hemel, deel ons alles wie Hy as mens voor die wet van God is. In hierdie vereniging is ons ook nes Hy heilig, sonder smet en onberispelik. (Kol. 1: 22) Dit is ons omdat ons ingesluit is in wie Hy as mens deur sy opstanding vandag is. (Rom. 6: 8 – 10)

3. Jesus Christus het Homself as heilige en regverdige mens laat doop, nie as bekeerde sondaars nie, sodat Hy sondaars in sy regverdigheid en heiligheid as mens kan insluit. Daarom is sy waterdoop en ons waterdoop dieselfde: Hy word ingedoop in ons sonde sodat ons ingedoop kan wees in sy heiligheid en regverdigheid. Deur ons heilig te maak in ons vereniging met Hom in sy heiligheid en regverdigheid as mens, (Heb. 2:11) kan ons vrymoedig God as die Heilige nader en aanbid. (Heb. 10: 19 – 23)

4. In afgodsdiens maak geestelikes alles wat die Here in sy plaasbekledende heilswerk doen, ŉ voorbeeld wat ons Christus moet nadoen: Ons moet dat God se goddelikheid in ons weergebore laat word, soos Jesus gebore is; ons moet onsself voor God aankla en verneder soos Jesus voor Pontius Pilatus gely het; ons moet ons eie menswees kruisig soos Jesus; ons moet ons eie-ek dood maak soos Jesus gesterf het en dan sal God se goddelikheid in ons opstaan en ons met sy goddelikheid vervul soos Jesus uit die dood uit opgestaan het. Hierdie identifikasie met God word nou verkeerdelik die afsterwe van die ou en die opstanding van die nuwe mens genoem.

5. Hierdie geestelikheid sien Jesus dan as voorbeeld hoe ons gedoop moet word: Jesus sou met sy doop sy menswees begin afsterf het sodat Hy na sy dood as ŉ goddelike mens kon opstaan. Hiermee word Jesus nou die afgod waardeur jy die werk van Jesus jou eie pad na goddelikheid maak en sy doop die teken dat jy jou menslikheid afgesterf het om deel van sy goddelikheid te word. Die NG Kerk het met die instelling van nuwe waterseremonies gemaak dat met die doop lidmate van hul eenheid en vereniging met Christus in sy menswees verseker kan word, maar met waterseremonies nou hul eenheid met sy goddelikheid saam met Hom kan vier. So kan hulle die Here gelyktydig as God aanbid en as afgod vereer.